

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstreek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Respek!"

Skriflesing: Johannes 13:1-20

Lied 164

Ons is almal hier tesaam,
verenig in sy Naam, verheerlik Hom.
Met ons hart en mond en hand,
ons kragte en verstand
kom loof ons Hom.
Hou ons lewend deur u Gees,
laat ons u kinders wees
en U bo alles eer.
Jesus Christus, die Heer.

Broodjies vir die pad

Wat kom dan kort?

Abraham H. De Vries

Op 'n dorpie in die Klein Karoo hang daar langs een van die strate 'n bordjie met 'n advertensie: "Kom eet en kuier lekker". Dit was 'n oer-Afrikaanse gemeenskap, maar daar was altyd ook Engelssprekendes en twee Duitse gesinne. Op die toegangshekkie staan in Engels almal is welkom en vir wie jy moet bel om etes te bestel.

Ek ken die plek, die eienaar/ kok is 'n Engelssprekende Kapenaar. Maar toe ek gister daar verbyry, het dié bordjies iets in my wakker gemaak waarvoor ek al lank wonder.

Om op ligte toon te begin: kyk, redes vir kopstamp op 'n klein dorpie is legio. Maar – miskien oor ek genadiglik in 'n oujare se "Sap-huis" groot geword het – was één ding nooit 'n probleem nie: taal. Taal is soos asemhaal. Natuurlik was ons Afrikaans, natuurlik was die Blyths Engels, natuurlik was Milly, my laerskoolonderwyseres albei, en as die Middletons kom kuier het, albei tegelykertyd en deurmekaar.

Dit was g'n skande om die "ander taal" nie nes jou huistaal te kon praat nie. Een van my Engelse klasmaats het altyd sy kêps gaan "aantrek", ek gebruik nou nog die Engelse "had" so min as moontlik. Die Stellenbosch waar ek gestudeer het, was wat dit betref kleindorps. Net twee Natallers wat saam met my in die Laan geloseer het, het my ooit die duiwel in gemaak. Hulle het my vars bossietee opgerook oor hulle gedog het dis 'n soort Klein Karoo-tabak.

Uys Krige het, behalwe Afrikaans, Engels en twee ander tale gepraat, Jan Rabie nog Grieks ook, André Brink Frans en

Spaans waarvan ek weet, Chris Barnard Suid-Sotho; watter taal Breyten die dag praat, hang glo af van hoe hy en Yolie die oggend wakker word.

In Amsterdam het ek soveel moontlik Nederlands gepraat, maar liever nog, Jordanees, die Amsterdamse dialek van die werkersklas waarin die humor baie herinner aan Kaaps. Die Jordaanbuurt is net oorkant die grag van Keizersgracht 141 af, wat nou gedeeltelik aan Naspers behoort.

Ek ken nie skrywers vir wie taal iets vreemds of gevaarlik is nie. Maar ek ken, en nie net in Suid-Afrika nie, baie wat hier taalpatriotte genoem sou kon word, meestal nie-regeringsgesinde taalpatriotte in alle politieke variasies van toenterjare se "links". Die skrywerswêreld is nie 'n afgeslote wêreld nie. Soos Turkye vir Pamuk, is die Kaap en Goree vir Adam Small, die Boland vir Breyten, die Vrystaat vir Krog, die Klein Karoo vir my nie wegkruipplekke nie, dis keuses. Niemand hol weg vir die wyer wêreld nie.

Daar is voor die hand liggende faktore: 'n hele klomp tradisioneel Afrikaanse instellings se kapitulاسie, waarop Hennie Aucamp al gewys het; die stryd nou weer om taal (voorheen Afrikaans!) los te maak van magsmisbruik; aan die US die miskenning van eie aandeel in die verengelsing en die gepaardgaande gebruik van aanvraag as kriterium; my probleem is: vanwaar dan my eie mengsel van diep teleurstelling en woede in die verengelsing van Afrikaanse skole en universiteite?

Vanwaar Jan Rabie se aandrag op Afrikaans? Hoekom het juis Breyten met sy taaltowery Stellenbosch probeer oorhaal om liever 'n beter plaaslike universiteit te word? Hoekom het Stewe Claeson, 'n Sweedse skrywersvriend - voorheen rektor van een van hul volksuniversiteite - my so vreemd aangekyk toe ek vra of die migranteprobleem nie ook 'n taalprobleem skep nie? Hy het net geantwoord: "Nee, dis Swéédse universiteite." Wat is in hierdie taalgesprekke werklik ter sake?

Natuurlik speel tans eie belange 'n rol: die gevare vir die voortbestaan van Afrikaanse uitgewerye, koerante, tydskrifte, ens. as alle universiteite en skole in die land verengels. Dr. Ebbe Dommissie se reaksie op die beskuldiging dat hy Afrikaans verdedig omdat hy die leserstal van Die Burger wil beskerm, bly ook van krag: "Kan jy aan 'n beter rede dink!"

Natuurlik het ek waardering vir regter Albie Sachs se bevinding oor Afrikaans in die konstitusionele hofuitspraak oor die Dispuut aangaande die grondwetlikheid van sekere bepalinge van die Wetsontwerp op Gauteng Skoolopvoeding van 1995. Dit is ook deur Danie Rossouw aangehaal in Beeld van 4 Maart vanjaar:

"The Afrikaans language is one of the cultural treasures of South African national life, widely spoken and deeply implanted, the vehicle of outstanding literature, the bearer of a rich scientific and legal vocabulary and possibly the most creole or 'rainbow' of all South African tongues. Its protection and development is therefore the concern not only of its speakers but of the whole South African nation. In approaching the question of the future of the Afrikaans language, then, the issue should not be regarded as simply one of satisfying the self-centred wishes, legitimate or otherwise, of a particular group, but as a question of promoting the rich development of an integral part of the variegated South African national character contemplated by

the Constitution. Stripped of its association with race and political dominance, cultural diversity becomes an enriching force which merits constitutional protection, thereby enabling the specific contribution of each to become part of the patrimony of the whole."

Dit klink nie of die Universiteit van Stellenbosch se taalmannewales tuis hoort by die soort Grondwet wat vir regter Sachs ter sprake is nie maar eerder by die Zuma cum suis se latere variant daarvan. Nie by "the variegated South African national character contemplated by the Constitution" nie maar by eiebelang.

Dat regter Sacks gelyk het met sy "vehicle of outstanding literature" bevestig Breyten (ek is altyd skrikkerig vir té hoë aanprysing, Breyten se kennis is wyer): dis 'n boekewêreld waarvan skrywers (André Brink én as ek goed onthou ook Elisabeth Eybers) al benoem was vir die Nobelprys. Om te weet hoeveel vergelykbaar is met die bestes in ander tale, tel net dié wat al vertaal is, en ek bedoel nie net die Brinks en die Krogs en die Jouberts en die Van Heerdens en Van Niekerks nie (hoeveel het ek nou uitgelaat!) - vergeet nie Deon Meyer se "Literaire thrillers" (Nederlanders vir dié dubbel-genre) nie; in albei genres word sy werk hoër aangeslaan as dié van Henning Mankell.

Wat sê mens vir 'n universiteit wat "wêreldklas" wil word maar wêreldklas miskyk? Hoe ernstig kan "wêreldklas" wees as voorsiening gemaak word vir 'n hele vasteland, maar nie vir al die kinders van Worcester en die Weskus nie? Die storie dat Afrikaans nie die woordeskate het nie is bewysbare onsin; Afrikaans is ook 'n Germaanse taal met die woordeskate en jargons van die hele Germaanse taalgemeenskap ter beskikking.

Hoekom nie die werklike probleme van 'n tweetalige universiteit - waarvan almal weet - onder oë sien, aanpak en met ondervinding van foute en kundigheid en begroting vir die nodige, oplos sonder om van akademië pakesels te maak nie?

Die vraag bly my by: wat is daar in daardie advertensie langs die straat in die Klein-Karoo dorp wat nou aan die Universiteit van Stellenbosch ontbreek?

Wat het dit wat Anglisering skynbaar altyd en oral kortkom? Wat selfs "Amerikaans" 'n slegte naam gee?

Dit lê diep. Miskien is dit iets wat juis in taalredenasies nie genoem word nie. Iets wat te doen het met ons méns-wees, nie met slimghede nie? Met sáám mens-wees? Met juis dit wat ánder mense, dié wat van jou verskil, as iets kosbaars beskou? Dit mag selfs iets "ouwêrelds" wees, basiese só-maak-'n-mens en só-maak-mens-nié?

Maar tog van alle tye? Ook nou? Op soveel gebiede? Kán dit wat skort so eenvoudig wees en tog die diepkant van alle etiek én moraal?

Respek.

Brood vir die pad

Oor lag as 'n gestalte van liefde - en hoop

Dirkie Smit

Kinders is "metafore van hoop" óók omdat hulle graag lág – want ook lag kan 'n vorm van hoop wees. Dog lag is g'n grap nie. Dis kompleks – ons motiewe kan velerlei wees, die gevolge vreeslik, ons gebruike van lag bedenklik. Daarom was geleerde sieninge oor lag altyd terughoudend, selfs afwysend. Dit geld óók van die kerk. Vele denkers was nié juis geamuseerd deur

lag nie. Sommige sou sê dat Jesus nooit gelag het nie en dat dit ook sy volgelinge nie betaam nie.

Maar sóms is wel besef hoe vals sulke menings is, hoe ontrou aan Bybelse tradisies – waar selfs Góð vanuit die hemele lag en spot met magtige boses (Ps. 2:4). Nee, daar is eerder lag én lag, lag sónder en lag mét liefde – en hoop.

Ook kinders se lag kan wreed wees. Dié krisis ken ons tog, van skoolterreine tot sosiale media? Tragiese gevolge van genadelose spot? Soos in Bybelse tye, as jillende jeugdiges die spot (wil) dryf met die profeet Elisa (2 Kon. 2)?

Kinders lag ook egter met liefde, as metafore van hoop, vrolike, blye herinneringe dat die bose nie die laaste sê het nie. Dis juis wat kleintjies dikwels so snááks vind – magtiges is nie so magtig as wat hulle dink nie, dié wat onreg pleeg, delf self die onderspit, dié wat ander seermaak, sien hoe dié ontkom, dié wat verneder word self beskaam. Dié soort ómmekeer, weerloses wat skynbaar sterkes verrassend troef, is immers die hart van hóévele sprokies, strokies, verhale, episodes, films – en télkens laat dit weer almal wat nié bly is oor onreg nie maar oor rég kinderlik skater, met hoopvolle gelag.

Michael A. Screech vertel in *Laughter at the Foot of the Cross* hoe dié soort gelag meermale aan die hart van hervorminge was, die kiem, saad, begin van verset en vernuwing.

Hy beskryf hoe denkers tydens die Renaissance en Reformasie, soos die sekulêre priesters Erasmus in pittige en humoristiese Latyn en Rabelais in platvloerse en vulgêre Frans óral in die Bybel gelag sou ontdek, met wonderbare vindingrykheid, ten einde misbruike van hulle tyd belaglik te maak. Hulle wou gewone mense die lag van hoop leer lag, die lag van liefde vir die goeie wat begeer dat reg sal oorwin.

Dié moes volgens hulle nooit liefdeloos word nie, nooit persoonlik, beledigend, afbrekend nie. Lag moes die kwáád belaglik maak, nooit die mens nie, slegs só was dit lag van hoop, soos dié van kinders wat kraai van lekkerkry oor die goeie vir seker sal seëvier, sonder venyn, maar met verreikende gevolge.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/djs-oor-lag-as-n-gestalte-van-liefde-en-hoop-20160416>



Lied 188

O God, so ryk en goed,
gee ons solank ons lewe
altyd 'n blye hart;
as dit u wil is: vrede.
Laat u genade ons
beveilig teen gevaar,
in donker ure ons
van struikeling bewaar.